# DIE SENDINGKONFERENSIE VAN DIE G.E.S. TE KAAPSTAD OP 2—6 AUGUSTUS 1976 — 'N TERUGBLIK

## 1. 'n Grootse ervaring

Dit is inderdaad 'n grootse ervaring om 'n byeenkoms van Gereformeerdgesinde Christene van oor die hele wêreld by te woon.

Die ekumeniese karakter van die konferensie te Kaapstad blyk duidelik uit die presensielys. Daar was afgevaardigdes van Gereformeerdgesinde kerke vanuit Malawi, Nigerië, Rhodesië, Suid-Afrika, Suidwes-Afrika, Zambië, Siri Lanka, Japan, Frankryk, Noord-Ierland, Nederland, Skotland, V.S.A., Suid-Amerika, Australië, Indonesië en Nieu-Seeland.

## 2. Die program

Die verrigtinge het Maandagaand begin met 'n referaat deur dr. Paul Schrotenboer oor *„Training for Missions"*.

Op die daaropvolgende dae het nog vyf referate gevolg, nl.:

◇ *„Current Trends in Training for Missions"* deur Eugene Rubing van Grand Rapids.
◇ *„Training the Ordained Minister"* deur prof. Deon de Villiers van Witsieshoek.
◇ *„Training the Membership for Witness"* deur prof. Harvie Conn van Philadelphia.
◇ *„Training the Membership for Service"* deur dr. Lambert Schuurman van Buenos Aires.
◇ *„Partnership in Training"* deur dr. S. Govender van Durban.

## 3. Inhoud van die referate en besprekings

Die neerslag van die referate en besprekings kan min of meer soos volg opgesom word:

### 3.1. *Positiewe klanke*

3.1.1. *Die Kerk 'n minderheidsgroep in die wêreld:* Die Kerk is 'n lewende liggaam van die lewende Christus en moet deur middel van die vervulling van sy sendingroeping aan die wêreld toon dat God die Koning van die aarde is wat alle ongeregtigheid veroordeel en die Bewerker is van verlossing, versoening en vrede. Hieraan het die kerk egter nog so min gedoen.

Dr. Schrotenboer o.a. het in sy referaat daarop gewys dat ons moet besef dat die lidmate van die kerk 'n minderheidsgroep onder die mense van die wêreld uitmaak. Dit lei dikwels tot frustrasies wanneer die Christene as minderheidsgroep tot die ontdekking kom dat hulle nie in staat is om die meerderheidsgroepe waarin hulle beweeg, genoegsaam te beïnvloed nie.

Dit is miskien hieraan te wyte dat die kerke van die „derde wêreld"[1] geneig is om hul bestaansreg te meet aan die goedkeuring van die meerderheidsgroepe. Vir hulle is die kerk dan ook slegs

relevant wanneer dit die funksie vervul om verandering in die sosiale, politieke en ekonomiese strukture teweeg te bring. Word daar geen sukses in hierdie verband behaal nie, dan moet aanvaar word dat dit 'n kerk is wat nie sy funksie vervul nie.

Teen hierdie agtergrond gesien, moet die opleiding, met die oog op getuienis en diens, so wees dat dit die lig van die Skrif laat val op die taak van die Kerk as 'n *minderheidsgroep* in die wêreld. Die opleiding moet die leraars en lidmate so toerus dat hulle bereid mag wees om die Evangelie uit te dra in weerwil van groot teëstand en verwerping van die kant van die meerderheidsgroepe. Die gejaag na populariteit moet gesien word as 'n teken van onvolwassenheid. Die volwasse Christen is egter bereid om leraar en leier van 'n minderheidsgroep in 'n wêreld vol teëkanting te wees.

3.1.2. *Opleiding en die teologie van „Liberation":* In sy referaat het Schrotenboer ook die algemeenheid van die sonde en die bedorwenheid van die mens beklemtoon. Daarmee het hy 'n duidelike klank laat hoor teenoor die humanistiese opvatting dat dit slegs die heersers- of onderdrukkende groepe in die wêreld is wat sonde het terwyl die onderdrukte groepe nie skuld en sonde het nie.

Teen hierdie agtergrond het hy duidelik aan die lig gebring wat mense uit die kringe van die teologie van „liberation" met opleiding bedoel. Hy neem Paulo Freire, tans 'n amptenaar van die wêreldraad van kerke as voorbeeld.

Freire trek te velde teen die tradisionele metodes en materie van onderwys wat deur die heersersvolke aan die volke van die derde wêreld tot beskikking gestel is. Hy sê hierdie soort onderwys bevorder afhanklikheid en nie vryheid nie. Dit is bloot 'n oordra van kennis van die kant van die mense wat daaroor beskik aan die ontvangende leerlinge wat geen kennis sou hê nie. Op die wyse word die leerlinge slegs slaafse pionne van die leermeesters.

Daarteenoor stel Freire dan vrymakende of verlossende onderwys. Hierdie soort onderwys lei die mens daartoe om te kom tot 'n kritiese bewuswording van die magte wat hom verdruk aan die een kant sowel as die magte wat hom vrymaak aan die ander kant. Hierdie verlossing word ook nie beskou as 'n gawe nie, maar as 'n menslike prestasie. Ook is dit nie die onderdrukker wat die vrymaking kan bewerkstellig nie, maar dit is die onderdrukte wat homself moet verlos.

Vir Freire is die doel van die pedagogie dat die mens ten volle *mens* moet word en die voorwaarde daarvoor is vryheid. Vryheid, egter, kan alleen langs politieke weë verkry word. Daarom moet onderwys gebruik word om die mens bewus te maak van die politieke mag wat hy kan gebruik.

Vir Freire is die groot antitese in die wêreld nie tussen gelowiges en ongelowiges nie, maar tussen verdrukkers en onderdruktes. Tussen laasgenoemdes kan daar geen gemeenskap bestaan nie.

Die opleidingsprogram van Freire staan heeltemal los van God en sy Woord. In sy wêreldbeskouing is daar trouens nie plek vir God nie, maar slegs vir die mensheid en die wêreld.

Daarteenoor wys Schrotenboer daarop dat die opleiding in die missiologiese taak van die kerk, hierdie valse opvatting van

verlossing aan die kaak moet stel. Uit die Skrif moet aangetoon word dat die mens homself nie kan verlos nie en dat Christus ons enigste Verlosser is. Die sogenaamde stryd om vrymaking waarmee die wêreld vandag besig is en waarby die kerke in die kring van die W.R.K. ook ingeval het, is eintlik *'n stryd om mag* wat deur die sterkste gewen word.

Maar Christus alleen is die „Sterke" wat alle mag in Homself het. Elkeen wat vir sy verlossing op Hom vertrou, aanvaar dan ook dat hy in homself magteloos is en hy vertrou in die geloof slegs op die Verlosser.

3.1.3. *Die Kerk 'n dienskneg:* Schrotenboer het verder ook gewys op die dienskneggestalte wat die kerk en die dosent moet aanneem in die werk van opleiding. Dit sal die kerk vrywaar teen die sonde van paternalisme wat die ontwikkeling van die jong kerke baie nadelig kan beïnvloed.

In hierdie verband het prof. Dion de Villiers van Witsieshoek ook die mooi en suiwer geluid laat hoor dat teologiese opleiding die werk is van God, waarin Hy voorsien en werk deur sy Heilige Gees. Die dosente van die kerke wat die opleiding waarneem, is dus slegs *diensknegte* van God. So moet die studente ook opgelei word om diensknegte te wees.

3.1.4. *'n Vinnig veranderende wêreld:* Die feit is op die konferensie beklemtoon dat die opleiding vir die sending, plaasvind in 'n vinnig veranderende wêreld. Dr. Eugene Rubingh het in sy referaat daarop gewys dat dit dikwels moeilik gaan om by te hou: „In a swiftly changing world, the world is often not anymore the one for which the training was given".[2]

Die konsensus van die konferensie was egter dat in hierdie veranderende wêreld met volharding die *onveranderlike Woord* van God verkondig moet word. Dieselfde boodskap moet nog steeds gehoor word: „Bekeer julle, want die koninkryk van God het naby gekom".[3]

3.1.5. *Die taak om te dien en die Evangelie te proklameer, is die taak van die hele volk van God:* Al die gelowiges moet dus deur opleiding toegerus word vir hierdie dienswerk. Op grond van Efesiërs 4 : 11 en 12 is dit die taak van die herders en leraars om die heiliges toe te rus vir hulle dienswerk.

Daar was 'n sterk gevoel op die konferensie dat ook die opleiding van ouderlinge en diakens gesien moet word as 'n dringende taak van die kerke.

Heel gepas is beklemtoon die dienskarakter van die amp van die predikant. Hy is nie 'n heerser nie, maar 'n dienskneg. Ook mag nie vergeet word dat die lidmate *profete, priesters* en *konings* is nie. Hulle is dus almal geroepe om met woord en daad die evangelie uit te dra. Ds. Mgawi van Malawi het dit in 'n groepsbespreking, in die idioom van sy volk, so mooi uitgedruk: „Die predikante is die herders van die kudde, maar dit is die kudde wat die lammers voortbring".

In hierdie verband is ook van belang wat dr. Harvie Conn, van die Ortodokse Presbiteriaanse Kerk van die V.S.A., in sy referaat

na vore gebring het. Hy het melding gemaak van die noodsaaklikheid van 'n *kontekstuele* begrip van die bediening. Daaronder verstaan hy dat die predikant sy gemeente so moet bedien dat daar met betrekking tot die lidmate op twee vrae antwoorde verkry word, nl.:

(a) Word die gebooie van die evangelie van die koninkryk van God betekenisvol in die kulturele gedagtewêreld van die lidmate oorgedra, op so 'n wyse dat dit die werklike vraagstukke en behoeftes van die lidmaat en sy gemeenskap op daardie bepaalde tydstip raak?

(b) Op watter wyse moet die kind van God, as lid van die liggaam van Christus, antwoord gee op die eise van die Skrif sodat hy 'n koninkrykslewenstyl mag ontwikkel in verbondsgehoorsaamheid binne die verbondsgemeenskap?

Harvie Conn dring dan ook daarop aan dat die kontekstualisering nie in die veld van die teorie moet bly vassteek nie, maar in die praktyk gebring word. Langs hierdie weg moet die kultuur van die gemeenskap ook vir Christus in besit geneem word.

Conn laat egter die waarskuwing hoor dat die neiging gedurende die laaste jare ook in die Gereformeerde en evangeliese kerke die kop uitgesteek het, om die hele fokus op die predikantsamp te laat val. Hy meen tereg dat dit 'n ernstige bedreiging inhou vir die kontekstuele taak van die lidmate om ook proklameerders te wees van die evangelie. Hy beweer dat dit vandag in die praktyk feitlik net daarin bestaan om mense na die kerkdienste uit te nooi. Conn se standpunt in verband met kontekstualisering is veral van belang omdat dit hemelsbreed verskil van die standpunt van dr. Schuurman, waarby ek later kom.

3.1.6. *Vennootskap in die opleiding:* Ds. Shin Govender het oor hierdie belangrike saak in sy referaat gehandel. Wat vennootskap in die opleiding betref, het hy die ouer en jonger kerke in die oog. Hy het dit as sy oortuiging uitgespreek dat die ouer en jonger kerke mekaar nodig het en, waar moontlik, moet saamwerk wat teologiese opleiding betref. 'n Moontlike weg waarlangs dit kan plaasvind, is om dosente en studente wederkeriglik uit te ruil sodat hulle 'n begrip kan kry van mekaar se agtergrond en probleme. Hy het egter beklemtoon dat hierby nie slegs die universele nie, maar ook die lokale karakter van die kerk in gedagte gehou moet word. Om aan die lokale karakter reg te laat geskied, moet toegesien word dat die opleiding vir en van die jong kerke nie sy inheemse karakter verloor nie.

3.1.7. *Die vertikale dimensie op die voorgrond:* 'n Duidelik positiewe konklusie van die konferensie was dat die vertikale dimensie altyd op die voorgrond moet staan in die getuienis — en proklamasiewerk van die Kerk in sy sendingarbeid. Die Kerk is besig om die gevalle mens uit die sonde en die dood te roep tot verlossing en die ewige lewe. Die planting en die groei van die Kerk mag nooit op die agtergrond geskuif word nie.

3.2. *Onrusbarende geluide*

3.2.1. Die mooi en suiwer klanke op die konferensie is egter in 'n mate versteur deur onrusbarende, 'n mens wil byna sê, rewolusionêre klanke. Hiermee bedoel ek dan die referaat van dr. L. Schuurman wat gehandel het oor „*Training the Membership for Service*".

3.2.2. *Die agtergrond:* Om Schuurman se standpunt goed te begryp, is dit nodig dat ons vooraf kortliks kennis neem van strominge in die Sendingwêreld, hoofsaaklik vanaf die sestigerjare.

Kyk ons na die verskillende wêreldsendingkonferensies wat gehou is te New Delhi (1961), Mexico City (1963), Uppsala (1968) en Bangkok (1973) aan die een kant en aan die ander kant die konferensies van Wheaton (1966) en Lausanne (1974), dan word dit duidelik dat daar twee duidelik onderskeibare rigtings in die sendingwêreld ontwikkel het. Hierdie twee rigtings het feitlik antiteties teenoor mekaar te staan gekom. Die een rigting kan ons noem die Wêreldraad van Kerke-rigting (Ecumenicals). Hierdie rigting is o.a. geïnspireer deur Dietrich Bonhoeffer wat volgens sy latere denke beweer het dat die kerk slegs kerk is wanneer dit bestaan ter wille van ander. Die kerk moet in 'n dienende hoedanigheid deelname uitoefen in al die wêreldlike bedrywighede van die menslike samelewing.[4] Die Wêreldraad van Kerke-rigting het dan ook die gedagte ontwikkel dat die Kerk eintlik maar net ter wille van die wêreld bestaan. Daarmee is die Kerk ingesleep om hom in sy dienende taak ernstig te bemoei met die politieke, sosiale en ekonomiese situasies in die wêreld. Die konsekwensie is dan ook dat vanuit hierdie kringe o.m. finansiële hulp aan sogenaamde „vryheidsvegters" gegee word om die „onderdruktes" in die wêreld te bevry. Langs hierdie weg is die Kerk in sy taak meer en meer op die horisontale vlak gestoot. 'n Skrifbeskouing geskoei op die lees van die moderne teologie het natuurlik ook sy bydrae in hierdie verband gelewer. So het dan ook op die konferensie van New Delhi die gedagte van 'n kosmiese Christus sterk op die voorgrond getree. Die koers wat dit ingeslaan het kan ons m.i. sien in latere uitsprake waaruit duidelik blyk dat Christus as die groot rewolusionêr gesien word en dat Hy optree as die politieke kampvegter vir die onderdrukte swart man in die Swart Teologie. Onder baie uitsprake in hierdie verband, verwys ek na die van James Cone wat o.m. gesê het: „The insistence on a passionate theology is a call for an anthropocentric point of departure in theology". „We are concerned with concrete man, particularly with oppressed man. In America that means the black man. This is the point of departure of Black Theology, because it believes that oppressed man is the point of departure of Christ himself".[5]

Om saam te vat, kan ons sê dat by die Wêreldraad van Kerke-rigting, die bevryding van die mense van die derde wêreld uit politieke, sosiale en ekonomiese onderdrukking die oorheersende tema geword het.

Wat die ander rigting, nl. die evangeliese rigting (evangelicals) betref, het Peter Beyerhaus een van die leidende figure geword. Hy het dan ook 'n leeue-aandeel gehad in die Frankfurt Verklaring

van 1970 wat eintlik 'n reaksie was op die konferensie van Uppsala (1968).

Op die konferensie van Uppsala is sending in die eerste plek gesien as *humanisering.* In die Frankfurtverklaring kry ons egter die volgende gedagtes:

(a) Die basis van die sending is slegs te vinde in die bevel van die opgestane Christus.
(b) Die hoofdoel van die sending is die verheerliking van God en nie humanisering nie.
(c) Daar bestaan geen verlossing buite Christus om nie.
(d) Die ewige verlossing word verkry langs die weg van die prediking, bekering en die doop.
(e) Die konkrete en sigbare taak van die sending is om die kerk te vestig as die nuwe volk van God.
(f) Die aanbod van verlossing is vir alle mense, maar die aanhangers van die nie-Christelike religieë kan slegs aan die verlossing deel kry deur die geloof, bekering en die doop.
(g) Die Kerk is betrokke in die sending totdat Christus weer kom.

Ek dink McGavran vat die onderskeid tussen die twee rigtings mooi saam in 'n ope brief wat hy onlangs aan die Wêreldraad van Kerke geskryf het.[6] Hy kom daarin tot die kern van die saak wanneer hy o.a. skryf: „We have come to the conclusion that two radically different systems of doctrine are bathing for acceptance.

The one believes that the Bible is the inspired, authoritative, infallible Word of God. The other believes that the Bible is the words of men through which God speaks on occasion.

The one believes in eternal salvation as well as temporal improvements. The other believes that temporal improvements are certain, but beyond them we are in the realm of speculative opinions.

The one believes that the church is the Bride of Christ. The other that the church is one of God's many instrumentalities to bring about a juster human order.

The one believes that no one comes to the Father but by Jesus Christ. The other that the cosmic Christ has spoken and is speaking in all religions and consequently dialogue with other religions is the correct way of mission.

The one believes that the Kingdom of God will come only as God destroys the enemies of mankind at the last day and that until then only limited justice and righteousness are possible. The other believes that a new, just world order can be brought about by the co-operation of men of goodwill in all religions".

Hierby moet ons ook nog kennis neem van die feit dat gedurende die laaste jare toenemende pogings aangewend is en aangewend word om 'n konvergensie tussen genoemde twee rigtings teweeg te bring. Prof. David Bosch o.a., vestig die aandag hierop in 'n artikel in die jongste uitgawe van Missionalia. Hy meen dat daar gedurende die laaste vyftien jaar tekens is van 'n toenadering van gedagterigtings in die twee kampe: „In ecumenical circles we increasingly discern a rediscovery of the importance of evangelism,

in evangelical circles we note a new emphasis on the Christian's social responsibility. In both groups this is coupled with a preparedness to exercise self-criticism".[7]

Prof. Bosch vestig ook die aandag op die huidige situasie in Latyns-Amerika waar hierdie deurbraak tot 'n konvergensie die sterkste tot uiting kom. Dit kom nl. voor by 'n groep, binne die evangeliese rigting, wat bekend staan as die „radical evangelicals". (Bv. Escobar, Padilla en Costas.) Hulle redeneer dat die evangeliese rigting nog altyd die klem op *ortodoksie* laat val het en die *ortopraksie* verwaarloos het. Die neiging bestaan vandag wel by almal in die evangeliese kamp om die behoefte aan *persoonlike* ortopraksie te beklemtoon. Maar die radikale „evangelicals" gaan verder. Hulle bepleit die noodsaaklikheid van *korporatiewe* ortopraksie. Ook gaan dit vir hulle, net soos Arias, om 'n holistiese evangelie en kontekstualisering.

Veral met hul gedagte van korporatiewe ortopraksie, kom die radikale „evangelicals" baie na aan die teologie van „liberation". Hulle het egter darem nog een voorbehoud wat hulle in 'n mate van laasgenoemde teologiese rigting onderskei. Hulle wil nl. nog nie so ver gaan om gebruik te maak van die kategorieë van Marx in hul ontleding van wêreldsituasies nie.

3.2.3. *Schuurman:* Teen hierdie agtergrond, meen ek, kan ons nou kyk na die strekking van dr. Lambert Schuurman se referaat. Hy vereenselwig hom op die pad van konvergensie heeltemal met die radikale „evangelicals" van Latyns-Amerika, in die opsig, dat hy ook in die kerk en sending 'n beleid van *korporatiewe ortopraksie bepleit.* Ek stel dr. Schuurman self aan die woord. Soos deurgaans die geval, gebruik hy die Latyns-Amerikaanse model ook wanneer hy verduidelik wat hy onder die dienswerk van die kerk en indiwiduele Christene verstaan: „In concrete terms this means that Christians in Latin America collaborate critically with all people who are engaged in the working out of a better society for mankind and man in the totality of its existence".[8]

In die aanbevelings aan die einde van sy referaat stel hy dit nog duideliker wanneer hy beweer: „Another important dimension of service is the communal one. Service should not be individually dispersed. ... In this sense, it is important that the whole community identify itself with a concrete task. Preferably that should be a program which has to do with the problems of the place where the group lives".

Maar wat is nou die doel van hierdie korporatiewe ortopraksie waartoe die kerk en Christene georganiseer moet word? Die doel hiervan is verlossing (liberation) in die sin van die moderne teologie van verlossing. Schuurman stel dit so: „Christian service, inspired by the kingship of Jesus Christ, is the contribution of the church as a whole and Christians as individuals to the liberation of mankind out of its alienation". Hierdie uitspraak en andere bring Schuurman m.i. heeltemal in lyn met die Swart Teologie. James Cone[9] bv., het gesê: „The significance of Black Theology then is found in the conviction that the content of the Christian gospel is liberation". In hierdie verlossing gaan dit nie om die verlossing van sonde en die

mag van satan nie maar, sê Cone: „To speak of the God of Christianity is to speak of him who has defined himself according to the liberation of the oppressed. Christian theology, then, pursuing its church function, is that discipline that analyses the meaning of God's liberation in the light of Jesus Christ, showing that all actions that participate in the freedom of man are indeed the actions of God". Verlossing beteken dus verlossing van die mens uit ekonomiese, sosiale en politieke druk!

Volgens Schuurman is *alle* mense geregtig op hierdie verlossing. Hy sê dit onomwonde in sy referaat: „If liberation is not made accessible to all people, it is not liberation; if all people cannot participate in the privileges of nature and culture so that they can be the persons they want to be according to their selfhood, liberation is still far away".

Om die verlossing te bewerk moet nie slegs die strukture van die samelewing verander word nie, maar moet die Kerk volgens Schuurman, ook sy eie strukture verander: „I have already mentioned the necessity of the communal paradigm. Another related problem is whether the actual church structures can be used for this mission of service in the modern world. It is quite widely known that the majority of our structures suppose a society which no longer exists. These structures in the modern world show a tendency to privatize religion in the direction of satisfaction of individual needs. I am not against this role of the church but cannot agree with the reduction of the mission of the church to this function".

Schuurman gaan egter nog verder as die radikale „evangelicals" van Latyns-Amerika. Hy meen dat die Kerk, in sy strewe om die strukture reg te kry, ook nuttig gebruik kan en moet maak van die kategorieë van Marx. Hy beweer o.a. „It is certain that the theory of domination and dependence has not been elaborated in the quiet study of theologians. It is a sociological theory which contains among other factors Marxist elements of analysis. I think that this is very logical. In the same way as in a given moment theology had to be Aristotelian theology — because of the impact of his categories — nowadays no theology or sociological theory can permit itself to be serious without taking into account certain central keynotes which Marxist theory has contributed to the epistemological debate".

Met bewerings soos hierdie, staan Schuurman voluit in die stroom van die teologie van verlossing (liberation) wat een van die fenomene is van die nuwere of moderne teologie. In hierdie verband wil ek verwys na 'n uitspraak van prof. L. Floor:[10] „Die nuwere teologie het in die neo-marxisme iets van haarself herken en dit het haar daartoe gebring om die Bybelse boodskap meer en meer te gaan verbuig en vervoeg volgens die grammatika van Karl Marx".

Is dit nie ook waarheen Schuurman neig met bogemelde bewering nie?

Ds. Mgawi, van wie ek vroeër melding gemaak het, se kommentaar op hierdie standpunt van die referaat was m.i. baie raak toe hy gevra het: „Wat het die lig met die duisternis te doen?"

Dit is nie my bedoeling om Schuurman se hele referaat te bespreek nie, maar ek wil tog die aandag op nog een van sy uit-

latings vestig. Schuurman beweeg met sy siening byna deurgaans op die horisontale vlak. Sy siening van die koninkryk is horisontaal, so ook die dienswerk van die Kerk. Dit is gerig op die verlossing van die verdruktes op politieke, ekonomiese en sosiale vlak. In lyn met die Swart Teologie, het hy deurgaans die neiging getoon tot 'n antroposentriese uitgangspunt. Hierdie uitgangspunt vind ons o.a. by M. Buthelezi[11] wat beweer: „In the light of the approach the starting point for theological reflection is the existential situation in which the gospel finds man".

Prof. L. Floor[12] wys daarop dat die nuwere teologie (wat ook die Swart Teologie insluit) sy antwoord op die proses van sekularisasie laat bepaal deur die vraagstelling van die moderne denke en lewe. Dit sluit aan by die korrelasie-teologie van Paul Tillich wat beweer dat in die teologie die Bybelse antwoord moet slaan op die menslike vraag. Die mens bepaal dus ook self die antwoord. Dit is dus 'n teologie met 'n antroposentriese uitgangspunt.

Ek meen dat ons Schuurman teen hierdie agtergrond moet verstaan wanneer hy die Bybel wil herlees en verklaar vanuit die kontekstuele situasie waarin die onderdruktes hulle vandag in die wêreld bevind. Hy wys eers daarop dat die Latyns-Amerikaanse teologie hom duidelik identifiseer met die teorie van afhanklikheid en oorheersing. „It states that not to see the relation between poorness and colonialism in its modern form comes down to a lack of love for the oppressed".

Dan sê hy verder in hierdie verband: „It is here that we must pay attention to the fact that the re-reading of the Bible in the light of the aforementioned theory has brought up a series of topics and biblical themes neglected in other hermeneutical conditions. Concepts like creation, the Exodus, the prophetic denouncing of sacerdotal ritualism, the relation between the prophet and the king, the *magnificat,* the scope of the words and the works of Jesus, the struggle of Jesus with the Farisaic ideology, the pneumatological dimension as the actualization of the program of Jesus in history, the eschatological dimension, to mention some examples, obtained a new actuality. It appears to be a very promising method to read the Bible from the presuppositions of Christian service to the oppressed ones in the structural-political sense of the word".

Met die paar voorbeelde wat ek uit Schuurman se referaat uitgelig het is dit seker genoeg om te toon dat daar helaas ook onsuiwere klanke op 'n andersins bemoedigende konferensie gehoor is. Daarteenoor het die konferensie egter oorheersend 'n duidelike stem laat hoor.

Ds. Willie Cilliers was die respondent op die referaat van Schuurman. Ek wil met hom heeltemal saamstem dat: „Schuurman together with Guttierez apparently rejects the theology of development in favour of a theology of revolution".

Ook meen ek dat sy volgende opmerking ons volle instemming verdien: „Schuurman presents a program of service in which it is difficult to distinguish between the program for the Church and the program for a good(?)[13] political party. Should both do the same things? Then, what do we need the *Church* for?"

L. J. B.

1 Hiermee word bedoel die jong kerke van Afrika en Asië. Aangesien die begrip „derde wêreld" sterk polities gekleur is, is daar in die besprekings op die konferensie m.i. tereg besware geopper teen die gebruik daarvan om die betrokke jong kerke mee aan te dui.

2 Current Trends in the Training for Missions, p. 10.

3 Matt. 3 : 2.

4 Hierdie gedagtes kom voor in 'n brief wat Bonhoeffer in 1944 vanuit die gevangenis aan Eberard Bethge geskryf het.

5 James Cone: Liberation, p. 47.

6 Church Growth Bulletin 11: 6, Julie 1975, p. 463.

7 Crosscurrents in Modern Mission, in Missionalia 4: 2, Augustus 1976, p. 79.

8 Lambert Schuurman: Training the Membership for Service. (Referaat gelewer op die Sendingkonferensie van die G.E.S. te Kaapstad, Aug. 1976.)

9 James Cone: Black Theology and Black Liberation (Essays on Black Theology, p. 32).

10 L. Floor: Die Neo-Marxisme in die Moderne Teologie en ons antwoord daarop (In die Skriflig, p. 24).

11 M. Buthelezi: An African Theology or a Black Theology (in: „Essays of Black Theology", p. 7).

12 L. Floor: Die Neo-Marxisme in die Moderne Teologie en ons antwoord daarop (In die Skriflig, p. 23—24).

13 Ds. Cilliers het *good* in aanhalingstekens geplaas. Die vraagteken is van my.